Jaarverslag van Kunsvereniging Stellenbosch 2016/17

Annual report of Stellenbosch Arts Association 2016/17

Die Kunsvereniging het weereens ‘n besige jaar met ‘n suksesvolle program beleef. Na ‘n vinnige groei in die beginjare van die Vereniging, bly ons ledetal konstant en het aan die einde van 2016 op ongeveer 316 lede gestaan.

Ledebyeenkomste is gehou waar daar interessante lesings deur kundige sprekers aangebied is en wat groot byval geniet het. Aanbieders was hoofsaaklik kunstenaars, maar soms ook kunsliefhebbers. Daar was altesaam 5 ledebyeenkomste (die onderwerpe hieronder word vermeld in die taal waarin dit aangebied is):

Alayne Reesberg	24 Feb 2016	International Acknowledgement of Stellenbosch: Blessing or Curse
Algemene Jaarvergadering: Daniel Louw	20 April 2016	Estetiese Waarheid: Kuns as Ontmaskering, Radikalisering en Demokratisering.
Hennie Meyer	25 Mei 2016	Ukesela eKapa Projek sowel as veelvoude in sy werk.
Samatha Masters	24 Augustus 2016	Pottery (and Poetry) from the Ancient Greek Symposium
Huberte Rupert Gedenk praatjie: Strijdom van der Merwe	30 November 2016	The Global Nomadic Art Project.

Een van die hoogtepunte van die ledebyeenkomste was weer die jaarlikse Huberte Rupert Gedenklesing wat in die Universiteitsmuseum aangebied is. Strijdom van der Merwe het ons toegespreek oor sy betrokkenheid by die Global Nomadic Art Project.

Die volgende drie **werkswinkels** is aangebied:

1. Keramiekwerkswinkel deur Diane Heesom-Green by Stone Fish Studio te Paternoster, vanaf 11 tot 12 Junie 2016.

2. Mosaïekkursus deur Karla Duterloo by Ithemba te Stellenbosch op 11 Mei 2016.

3. Tekenkursus vir beginners deur Antoinette Cloete Nel by PJ Olivier, vanaf 5 tot 26 Mei 2016.

Holiday workshops for children were presented during the winter school holidays on 5, 6 and 7 July 2016 at the Jamestown and Cloetesville Libraries and at the Stellenbosch University Museum. Naomi Botha, Naomi Smith and Marne Bester presented classes for 9-15 year olds in jewellery making, meeting the artist Willie Betser and having some fun with a treasure hunt. There were 30 to 40 children per class and the local libraries were very pleased with the turn up and our involvement in the community. We hope to be able to continue this next year.

During the December school holidays Jacomien Labuschagne en Corli de Kock presented a Christmas workshop at the mentioned venues to teach the children to make Christmas decorations.

A concerted effort was made to create more opportunities for our members to exhibit their art.
Three **exhibitions** were held during this financial year.

1. Lede-Uitstalling by Oude Libertas, 29 Junie tot 20 Julie 2016: Die jaarlikse lede-uitstalling was soos gewoonlik die hoogtepunt van die jaar. Hierdie was n besondere vreugdevolle gebeurtenis met die viering van die Kunsvereniging se 10de bestaansjaar. Dit was ‘n eer en ‘n voorreg om twee van die stigterslede van die oorspronklike Kunsvereniging hierby te betrek, naamlik Titia Ballot as gaskunstenaar en Muller Ballot as gasspreker. Ons bedank ook vir Distell wie die wyn vir sowel die aand, as deur jaar vir ander byeenkomste, geborg het. Die tema vir hierdie uitstalling was: All things Wise and Wonderful. Meer as 60 kunstenaars het 300 werke tentoongestel by hierdie geleentheid.

2. Mini Uitstalling by PJ Olivier, 14 tot 18 November 2016: Die uitstalling is gereël deur Ilana Maree en Laura Jonck. Die gasspreker was Nelis Koegelenberg. Alle werke se pryse was R1000.00 en minder.

3. Woordfees-Uitstalling by P J Olivier, 15 Februarie tot 15 Maart 2017: Die uitstalling is gereël deur Nelis Koegelenberg, Ilana Maree en Laura Jonck. Die gaskunstenaars was Nanette Ranger, Janette Anderson en Stephen Rautenbach en die openingspreker was Pietman Retief. Daar is 260 werke van 57 kunstenaars uitgestal en ‘n rekord-getal van 65 kunswerke is verkoop.

As **kommunikasie-medium** gebruik die Vereniging primêr e-pos briewe en kennisgewings aan lede. Alle aktiwiteite word op die webwerf en Facebook gekommunikeer. Die teenwoordigheid van die Vereniging op Sosiale Media netwerke het vanjaar gesorg vir wyer blootstelling en meer effektiewe kommunikasie tussen huidige lede sowel as blootstelling aan die breë kunsgemeenskap.

Die finansiële state van die Vereniging is deur Bernard Shaw Ouditeure nagegaan en in orde gevind.

Die hoofborg van die Vereniging wat dit mootlik maak om die genoemde projekte en die administratiewe take van die Kunsvereniging te behartig, en om lede van die gemeenskap en kinders te borg om werkswinkels by te woon, is Het Jan Marais Nationale Fonds. Die Vereniging se opregte dank gaan aan die Fonds. Ons bedank ook ons ander borge, nl die Rupert Stigting, Distell en Unistat.

Die Waarnemende Voorsitters dank die Uitvoerende Komitee vir hulle onbaatsugtige bydraes en diens aan die Vereniging, asook die Stellenbosch Universiteitsmuseum.en die Kunssentrum PJ Olivier vir hulle gewaardeerde samewerking en ondersteuning.

Francé Beyers
Voorsitter — Chairperson
Kunsvereniging Stellenbosch — Arts Association Stellenbosch